‘n Weg om meer te word soos Jesus

Deel 6: Oorwin die slegte deur die goeie

Kernteks

Rom 12:17 vergeld niemand kwaad vir kwaad nie; bedink wat goed is voor alle mense; Rom 12:18 as dit moontlik is, sover as dit van julle afhang, leef in vrede met alle mense. Rom 12:21 Laat jou nie deur die kwaad oorwin nie, maar oorwin die kwaad deur die goeie.

1Pet 3:9 Vergeld geen kwaad met kwaad of skeldwoorde met skeldwoorde nie, maar seën inteendeel, omdat julle weet dat julle hiertoe geroep is, sodat julle seën kan beërwe.

Die kwaad in Josef se lewe

1. Josef word deur broers gehaat - Gen 37:11 “Sy broers was afgunstig op hom.”
2. Deur sy broers verwerp - Gen 37:20 Kom ons maak hom dood en gooi hom in 'n put.
3. Na ‘n vreemde land ontvoer. Gen 37:28 en toe daar van die Midianitiese handelaars verbykom, het die broers vir Josef uit die put uit opgetrek en vir twintig stukke silwer aan die Ismaeliete verkoop en dié het hom Egipte toe gevat.
4. Verkoop in slawerny – Gen 39:4. Hy het Potifar se persoonlike slaaf geword.
5. Valslik beskuldig van verkragting – Gen 39
6. Onregverdig tronk toe gestuur - Gen 39:20 en het hy vir Josef gevat en in die tronk gegooi waarin die mense was wat deur die koning gevange gehou is.
7. Josef se lewe, ‘n bewys van die goeie wat die kwaad oorwin het.
8. Deur ‘n vriend vergeet – Gen 40:14 Maar wanneer dit goed gaan met jou, moet jy aan my dink en moet jy my 'n guns bewys. Gen 40:23 Maar die hoof van die skinkers het nie aan Josef gedink nie, hy het van Josef vergeet.



PDF Creator - PDF4Free v3.0 http://www.pdf4free.com

Josef se reaksie teenoor die kwaad

1. Hy het gefokus gebly.
2. Hy was suksesvol deur sy beste te gee ten spyte van sy omstandighede.
3. Hy het geweier om af te wyk van die goeie.
4. Hy het op God se tyd en seisoen vir sy lewe gewag.
   There is no demon, no liar, and no scheme of men that can keep you down. There is nothing! When God has set a time to meet with you, there is nothing that can keep you down in your season – with the exception of one individual: You.
5. Hy het gegroei, deur ander te vergewe.
6. Hy het ten alle tye God gedien.
7. Hy nooit wraak geneem teen sy vyande
8. Ten spyte van sy omstandighede het hy altyd getrou gebly aan die Here
9. God was altyd deur sy bron
10. Hy het in alle omstandighede God geraadpleeg

2. Josef se geheim om die kwaad te oorwin het iets ingesluit wat Josef GEWEET het, iets wat hy GEDOEN het, en iets wat hy GEWEIER het.Genesis 42-50

2a. Wat het hy geweet?

Rom 8:28 Ons weet dat God alles ten goede laat meewerk vir dié wat Hom liefhet, dié wat volgens sy besluit geroep is.

Gen 45:5 Maar julle moet nou nie sleg voel of bang wees omdat julle my verkoop het nie, want God het my voor julle uit gestuur om lewens te red.

Gen 45:7 God het my voor julle uit gestuur om vir julle 'n oorblyfsel in hierdie land te laat oorbly, om julle aan die lewe te hou en sodat baie aan die dood sal ontkom.



PDF Creator - PDF4Free v3.0 http://www.pdf4free.com

2b. Wat het hy gedoen?

Hy die geseën wat hom vervloek het.

Gen 45:9  Gaan dadelik na Pa toe en sê vir hom: 'So sê Pa se seun Josef: God het my aangestel as regeerder oor die hele Egipte. Kom na my toe. Moenie talm nie, Gen 45:10 kom bly in die Gosenstreek. Dan is Pa naby my: Pa en Pa se seuns en kleinseuns, die kleinvee en grootvee en alles wat Pa besit. Gen 45:11  Ek sal vir Pa daar onderhou, want daar lê nog vyf jaar hongersnood voor. So sal Pa nie verarm nie: Pa en Pa se familie en almal by Pa.'

Wat het hy geweier om te doen?

Wraak te neem

Gen 50:17  'Julle moet vir Josef vra om tog die groot misdaad teen hom, die onreg wat julle hom aangedoen het, te vergewe.' Vergeef ons tog nou die misdaad. Ons dien ook die God van u vader." Josef het gehuil oor wat hulle vir hom laat weet het. Gen 50:18  Daarna het die broers na Josef toe gegaan en voor hom op hulle knieë geval en gesê: "Hier is ons voor u. Ons is u slawe." Gen 50:19  Maar Josef het hulle geantwoord: "Moenie bang wees nie. Ek is nie God nieGen 50:21  Moenie bang wees nie. Ek sal sorg dat julle en julle kinders kos het." Josef het hulle jammer gekry en hulle gerusgestel.

Hoe oorwin jy die kwaad wat teen jou gemik is?

1. Vergewe
2. Begin te bid vir die persone wat jou kwaad aan gedoen het.
3. Spreek die seën uit.

1Pet 3:9  Vergeld geen kwaad met kwaad of skeldwoorde met skeldwoorde nie, maar seën inteendeel, omdat julle weet dat julle hiertoe geroep is, sodat julle seën kan beërwe.


PDF Creator - PDF4Free v3.0 http://www.pdf4free.com

Die gevolge van Josef se lewe

Gen 39:2  Die Here was by Josef en dit het baie goed gegaan met hom. Hy het in die huis van sy eienaar, die Egiptenaar, gebly.

Gen 39:5  Van toe af het die Here die huis van die Egiptenaar geseën. Dit was oor Josef dat die Here dit gedoen het. Die seën van die Here het gerus op al Potifar se besittings, dié in sy huis en dié in die veld.

Gen 41:40  Ek stel jou aan oor my paleis. My volk moet jou gehoorsaam. Net ek sal meer mag hê as jy."

Gen 41:51  Hy het die oudste Manasse genoem, "want," het hy gesê, "God het my alles laat vergeet: al my swaarkry en alles wat my familie my aangedoen het."

Gen 41:52  Josef het sy ander seun Efraim genoem, "want," het hy gesê, "God het my vrugbaar gemaak in die land waar ek verneder is."

GOD DOEN DIT VIR JOU

Gen 41:51  Joseph named the firstborn Manasseh (FORGET), saying, "GOD MADE ME FORGET ALL MY HARDSHIPS AND MY PARENTAL HOME."

Gen 41:52  He named his second son Ephraim (DOUBLE PROSPERITY), saying, "GOD HAS PROSPERED ME IN THE LAND OF MY SORROW." (MSG)


PDF Creator - PDF4Free v3.0 http://www.pdf4free.com